



## TEOLOGIESE OPLEIDING – Watter

**basis?** (Wat is die premisse van waaruit gewerk word?)

Die ondertekening van die ooreenkoms met die APA (Afrikaanse Protestantse Akademie) en die eerste BA studente wat volgende jaar inskryf beteken dat die GHG teologiese opleiding van predikante oor drie jaar gaan begin. Die debat oor teologiese opleiding moet daarom nou reeds gevoer word sodat daar meer oor inhoud as beginsels besin word nader aan die opstel van 'n leerplan. Vir die doel wil Die Skietlood ernstig gaan kyk na die metodologie wat dominant was in baie predikante se opleiding. Die **Histories Kritiese metodes** is volgens sommige geleerdes reeds in 1976 in Europa **uitgedien**, maar is die **enigste benadering** wat tans geld by 'n instansie soos **UP**. Die daarstel van die filosofiese agtergrond gaan in twee uitgawes van Die Skietlood geskied, teen die agtergrond van die vraag: Moet ons hierdie benadering steeds ondersteun of moet ons gaan na 'n ander benadering soos die **Grammaties-Historiese benadering**?

Wat is die **Histories Kritiese** benadering?

Dit is 'n oorhoofse benaming vir verskillende aspekte van kritiese omgaan met **geloof** se **bronteks**; **die Bybel**. Kritiese benaderings sluit in bron kritiek, vorm kritiek, tradisie kritiek en redaksie kritiek. Die kritiese omgaan met die Bybel sluit alle aspekte van Skrifverstaan in. So byvoorbeeld is die sprake van die **sogenaamde Q-bron** die resultaat van 'n twee- of vierbron teorie ten opsigte van die ontstaan van die sinoptiese Evangelies. Op dié manier word op

kritiese manier selfs die ontstaan van die Evangelies verdag gemaak en word die gesag van elke Evangelie gerelativeer.

Die **Histories Kritiese** benadering is in sy wese nie gebou op wetenskaplike beginsels nie, dit staan op filosofiese veronderstellings wat die inspirasieleer van die Bybel ontken. Die ironie is dat hierdie benadering as “wetenskaplik” beskryf word! In sy diepste wese is die benadering 'n vorm van anti-supernaturalisme ('n gesindheid wat die moontlikheid van enige bonatuurlike verskynsel verwerp) wat beteken dat enige dokument wat wonderwerke beskryf, wantrou of verwerp word. Die vraag is of die histories kritiese metodes nie dalk vyandig is ten opsigte van geloof en dalk selfs geloof ondergrawe nie. Die veronderstellings van die benadering moet van nader beskou word. Eta Linnemann (by Bultmann self klas gekry en as histories kritiese teoloog gepubliseer) beweer selfs dat die filosofiese onderbou van die metode sodanig is dat dit **pretendeer om die waarheid te ontdek** op so 'n manier dat die Bybel self nie 'n bron van waarheid kan wees nie. Die verskillende **Histories Kritiese** metodes het in den brede dieselfde filosofiese onderbou. 'n Onderbou wat in sy wese **teen geloof** is. Diegene wat die benadering het dat dit “wetenskaplike” navorsing is, het dit verkeerd. Watter filosofiese sisteme speel in op die veronderstellingsbasis van die **Histories Kritiese** metode? F. David Farnell identifiseer tien filosofiese strome wat bydra tot die agtergrond denke van dié benadering.

Francis Bacon was die voorstaander van **induktivisme** as metode van voorkeur. Bacon het met sy induktiewe metode die wêreld op sy kop gekeer. Die induktiewe metode stel dat dit wat geleer word deur ervaring en eksperimente die basis is vir die ontdekking van die waarheid. Die waarheid was vir hom ook heel pragmaties “dit wat werk”. Sy denke het wetenskap, en nie die Bybel nie, die bepalende model vir die verstaan van die wêreld gemaak. Bacon het met ander woorde die ontdekking van waarheid eksklusief by die mens en die wetenskaplike metode geplaas. Die Bybel was nie meer vir hom bron van waarheid nie. Al wat van belang is, is die fisiese werklikheid waarbinne ons lewe. Bacon het wetenskap en geloof van mekaar geskei en die wetenskap as bepalend vir die **waarheid** gepostuleer.

Die tweede filosofie is **Materialisme** soos deur Thomas Hobbes aangebied. Materialisme reduceer die mens se lewe en ervarings tot die sensoriese, anders gestel, net dit wat fisies ervaar kan word, het 'n impak op ons en maak ons kennis uit. Hobbes was wantrouig ten opsigte van wonderwerke en het die ervaar daarvan toegeskryf aan vrees en die ignoreer van oorsake. Hobbes was oortuig daar is logiese aanduibare oorsake vir dit wat mense as wonderwerke verstaan het. In sy benadering tot die Skrif het hy enige wondervertelling uit die Bybel gehaal. Vir Hobbes is die Bybel nie die openbaring van God self nie, maar die rekord van God se openbaring. Die Bybel is dan die bron van Christelike teologie. Hobbes se bydrae het die menslike rede prominent gemaak en hierdie redelike denke as die basis om die waarheid te ontdek, het

geloof uitrangeer tot minderwaardige posisie. Hobbes het ervaring bron van kennis gemaak en menslike rede as belangrike instrument verstaan.

Spinoza se **Rasionalisme** sou hierdie benadering van Hobbes verder voer. As rasionalistiese panteïs het Spinoza die menslike rede as primêre bron van kennis verstaan. Hy was van oortuiging dat selfs godsdienstige waarhede ontdek kan word deur rasonele denke en analise van wiskundige aksiomas. Spinoza se benadering het hom daartoe gelei om die Bybel net relatiewe gesag in godsdiens sake te gee. Omdat Spinoza God gelyk gestel het met die natuur en hy God eintlik in die natuur gevind het, kon hy geen ruimte laat in sy denke vir wonderwerke nie. Enige persoon wat wonderwerke sou oordink, het volgens hom, dit in onkunde ten opsigte van die natuurwette gedoen. Enige aandrang dat wonderwerke plaasvind, is onsinnig en moet verwerp word. Hy het alles aan die menslike, redelike verstand onderwerp. Hy was die eerste ernstige toepasser van 'n Histories Kritiese ondersoek van die Skrif. Wat met Bacon se induktiewe metode begin het, bereik met Spinoza 'n ankerposisie van die Histories Kritiese metodes. Die menslike rede, die anti-supernaturalisme wat wonderwerke verwerp, 'n afwatering van die Skrif tot net nog 'n menslike dokument, is almal ingebed in die metodologieë wat na vore gekom het.

**Deïsme** bied 'n volgende agtergrond vir ons verstaan van die histories kritiese metodes. Teïsme en Deïsme beweer dat God verwyderd is van die skepping en ons werklikheid. Deïsme verskil van 'n algemene Teïsme in die sin dat Deïsme ontken dat God nog interaksie het met ons werklikheid. Deïsme veronderstel met

ander woorde dat God bestaan, maar verwerp wonders of enige vorm van interaksie tussen God en werklikheid. Deïsme se denke het die mense se denke help skuif van 'n posisie waar die mense die **menslike rede** nie net verstaan het as noodsaaklik vir die ontdekking van die waarheid nie, maar ook **genoegsaam**. Rede het nie ander denkvorms nodig om by die waarheid uit te kom nie. God kan net geken word deur die heelal te ondersoek aangesien God volgens dié denke onttrek het en nie in die skepping aktief is nie. Dit was binne die Deïsme dampkring wat die eerste soeke na die sogenaamde historiese Jesus teruggevind kan word. Deïsme en die Aufklärung het sekere kernwaardes gedeel. Troeltsch stel drie voorwaardes wat dien vir die vind van die 'waarheid'.

(1) Kritiese denke oftewel metodiese twyfel wat maak dat daar in die menswetenskappe op die meeste gepraat kan word van moontlikheid en nie sekerheid nie

(2) Analogiese denke as beginsel dui daarop dat aangesien ons vandag nie sekere wonders ervaar nie, ons analogies kan aanvaar dat hulle nie in die verlede plaasgevind het nie.

(3) Korrelasie oftewel onderlinge afhanklikheid maak van die werklikheid 'n geslote sisteem wat deurdink en analiseer kan word. Die geslote sisteem laat geen ruimte vir wonderwerke nie. Enige eksegeese van 'n teks wat van wonderwerke vertel, moet aanvaar dat die wonder nie moontlik is nie. Vormkritiek en redaksie kritiese metodes is deur dié veronderstelling beïnvloed.

**Skeptisisme** het ook 'n rol gespeel in die skep van 'n intellektuele ruimte vir die verskillende Historiese Kritiese metodes.

Die Aufklärung (tydperk van verligting) en skeptisisme het hand aan hand gegaan. Die Aufklärung word gekenmerk deur 'n toewyding aan menslike rede (intellektuele vermoëns), wetenskap en opvoeding as instrumente om te bou in hierdie wêreld. Die verligting was in wese skepties oor godsdiens, teen tradisie en het enige gesag gebou op geloof verwerp. Hume se skeptisisme in die besonder het die Bybel en geloof uitrangeer tot irrelevante onbewysbare konstruksies. Hy was oortuig dat ons net dit kan ken wat ons deur ons sintuie kan ervaar. Geloof kan nie teen enige sensoriese ervaring getoets word nie. Dit kom daarop neer dat geloofsuitsprake nie waar of vals kan wees nie. Net soos sy voorlopers, het Hume 'n oordrewe vertroue in die natuur en natuurlike meganismes gehad wat beteken dat hy ook wonderwerke verwerp het as 'n breek van natuurlike wette. Hume het gedink daar is natuurlike prosesse wat as alternatiewe aangedui kan word om wonderwerke te verklaar. Net soos sy voorgangers het Hume die moontlikheid van God wat ingryp, verwerp. Sy denke het 'n groot invloed gehad op die historiese kritiek. Teen hierdie agtergrond kan die vraag nou reeds gestel word of hierdie filosofiese onderbou nie die historiese kritiese beanderinge taksies vir geloof maak nie. Kan geloof bou op resultate van navorsing en eksegeese wat as veronderstelling het dat geen wonderwerke moontlik is nie, dat die Bybel nie gesagvol is nie, wat die mens se ervarings bepalend ag? Oor twee weke verdere bespreking van filosofiese agtergronde....